**Maandag 13 Maart**
**Skrifgedeelte: Eksodus 19:1-25**
**Fokusgedeelte: Eksodus 19:4-6**
**Gehoorsame toewyding aan God!**

Hoofstuk 19 vertel ons van die dupleriese verbond wat God met sy volk gesluit het. In so ’n verbond het albei partye ’n verantwoordelikheid, en indien een nie sy verantwoordelikheid nakom nie, kry hy sy verdiende straf.

Die volk se verantwoordelikheid was om ’n gewyde nasie te wees. Dit beteken dat hulle, anders as al die ander nasies op hierdie aarde, hulle lewens moes toewy aan die wil van God. Hulle verhouding met God moes bo alles staan. Hulle was afgesonder om God te ken, Hom alleen te aanbid en om Hom te gehoorsaam (vgl. vs. 5-6). Op hierdie verantwoordelikheid wat die volk het, het hulle dan geantwoord in vers 8 soos een man: “Alles wat die Here gesê het, sal ons doen.”

Met dagbreek op die derde dag het die Here in vuur afgekom tot op die berg Sinai. Hierdie verskyning van God in vuur wys daarop dat Hy ’n verterende vuur sal wes vir elkeen wat sy verbond verbreek (vgl. Deut. 4:24; 9:3; Jes. 33:14; Heb. 12:29).

God het weer op sy beurt beloof dat Hy vir die volk ’n God sal wees. Indien die volk God se verbondsbepalings aanvaar en gehoorsaam, sal Hy sy verantwoordelikheid nakom deur hierdie volk soos die appel van sy oog te versorg (vgl. Eks. 19:4; Deut. 32:10; Ps. 17:8).

Die probleem waarmee ons dan gekonfronteer word, is wanneer die volk kort ná die verbondsluiting die verbond op ’n gruwelike manier verbreek. Hulle aanbid die goue kalf (vgl. Eks. 32).

Net soos die volk, is sonde só diep in ons wese dat ons verdien om met die vuur van God se toorn vernietig te word. Daarom, om in hierdie verbond te kan leef, het ons nie ’n wet nodig nie, ons het ’n Verlosser nodig.

Ons is God se eiendom, enkel en alleen omdat Jesus die wet volmaak in ons plek gehoorsaam het. Sy gehoorsaamheid word aan ons toegeskryf, en vir ons ongehoorsaamheid betaal Hy deur in ons plek die verterende vuur van God se toorn te dra. Hy sterf in ons plek as vervloekte aan ’n kruis. Hy sterf sodat elkeen wat in Hom glo, in genade aangeneem kan word.

Hierdie genade verander die mense se hart van klip in ’n hart van vlees. Hierdie genade wek in die gelowige die begeerte om ’n koninklike priesterdom te wil wees deurdat ons uit dankbaarheid ons lewens in gehoorsaamheid aan God toewy.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Dr. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)*